Die cowboys van weleer

deur **Hennie Basson**



'n Fotograaf van *The Cape Times* het in 1949 hierdie tipiese toneel op Protem se perdesportdag op film vasgelê

Boeresport en die gepaardgaande perdesport-items was oor baie geslagte heen 'n instelling op die Suid-Afrikaanse toneel. Vir boeregesinne en dorpenaars was dit oor naweke en vakansiedae van die belangrikste gebeurtenisse vir ontspannning en sosiale verkeer.

Een so 'n geleentheid was die jaarlikse perdesportdag wat vanaf 1947 tot 1965 in die Suid-Kaapse gemeenskap, Protem, gehou is. Vir minstens een dag in die jaar het die merino- en koringboere uit daardie geweste hulle sorge tuisgelaat. Dan het hulle hul perde op die trokkie gelaai om op die plaas Adowa en later ook op Welstand die stofwolke te laat hang soos daar in menige item meegeding is.

Dié deel van die land het in daardie jare oor hulle eie *cowboys* beskik wat omstanders behoorlik na hul asems laat snak het met hul asemrowende toertjies en mededingingsvermoë vanaf die perd se rug. Honderde mense het dan van oraloor na hierdie geleentheid gestroom, soos op die mooi lentedag in 1949 toe bykans 900 mense getrakteer is op perdesport soos wat nooit tevore gesien is nie in die Suidwestelike Distrikte, soos die streek destyds genoem is.

Die Protemse gimkanaklub, wat vir die geleentheid pa gestaan het, was toe maar twee jaar oud. Nogtans het by die 60 deelnemers ingeskryf, onder wie drie vroueruiters. Dit was 'n vol pogram met nie minder nie as 21 items. En dan was daar ook 'n openingstoespraak deur die bekende perdeboer van Piketberg, Danie Rossouw.

Uit 'n vergeelde koerantberig van *Die Burger* waarin verslag oor die dag gedoen is, blyk dit dat Rossouw in sy rede die "krisistydperk" in die landbou beklemtoon het en gesê het alles moontlik moet gedoen word om koste

te bespaar en om ondernemings op 'n gesonde grondslag te plaas. Daarom moet boere die groter gebruik van perde weer heroorweeg.

"Die gewoonte is vandag baie keer dat boere 'n trekker met 'n sleepwa gebruik om 'n half-aam wyn op die dorp te gaan haal. As hulle 'n perdekar gebruik het, sou hulle baie bespaar het."

Ook die Amerikaanse konsul-generaal, Willard Q Stanton, was daar as eregas en om die pryse te oorhandig. Matie Swart het die meeste punte in die loop van die dag behaal. Hy was onder meer die wenner in die drafresies, man-staan-te-perd, lemoenpluk, die naweekresies, en skoon- en saalresies.

Van die ander manne wat goed gevaar het, was PA Myburgh, Piet Matthee, Jacobus Swart, Du Toit Odendaal en JN Human. In beide donkie-items het JJ Human koning gekraai. Benewens 'n gimkana was daar ook items soos 'n Romeinse resies, vlagresies, "musical chairs" en uiteraard 'n naald-en-gareresies.

Van die bekendste gesigte tydens die dag was dié van Jasper Loubser van die plaas Die Kop, wat as voorsitter opgetree het. Onder die perde- en muilmanne was hierdie waaghals reeds 'n legende in sy tyd. Op hierdie spesifieke dag was hy behoorlik "gekoller en getaai", maar sy faam as perderuiter was toe reeds welbekend. Sy seun, Nico, wat nou een van die voorste boere in dié kontrei is, onthou nog goed hoe behendig sy pa met die *swing saddle* was.

"Om hierdie toertjie ordentlik te kan uitvoer, sit nie in enige man se broek nie," vertel hy. Net soos die beroemde Bobby Salkinder in later jare duisende mense op ons skoubane met hierdie en ander perdetoertjies in vervoering gehad het, kon Jasper dit ook doen.

"Hierdie item verg atletiese vermoëns en 'n uitstekende verstandhouding tussen ruiter en perd. Dit word teen 'n vinnige spoed gedoen. Terwyl die perd galop, moet die ruiter met 'n stewige greep aan die saalboom vasklou en dan eers aan die een kant van die perd met sy voete aan die grond raak en dan weer aan die ander kant. So moet hy homself dan heen en weer oor die perd se rug swiep," verduidelik Nico.

Toe die perdesportdag mettertyd 'n gestadigde dood gesterf het, het Jasper hom op veral muilteling en die vertoning van hierdie diere op skoue in beide die Wes-en-Suid-Kaap begin toespits.

Terwyl die Amerikaanse konsul-generaal, Willard Q Stanton, die woord voer, luister die legendariese Jasper Loubser (links), aandagtig. Hy het op dié dag as voorsitter opgetree

Lemoensteek was een van die gewilde items op die program. In 1949 was Matie Swart die wenner

Hy het in 1960 teen sterk mededinging die kampioenskap vir 'n span van agt muile van 14,2 hand en onder op die Kaapse Skou verower. "En met hulle kon hy 'n Kaapse draai op sy beste maak. 'n Gevaarlike toertjie op sigself," onthou Nico. **SAH**